# GEMEENTEBULLETIN

9 TOT 16 JUNIE 2023

## SONDAG 11 JUNIE 2023

Alle eredienste is aanlyn op www.stellenberg.co.za of op YouTube.

Oggenddiens om 09:00 in die kerk | Psalm 50 | Ds. Breytenbach (1)

Familiediens om 09:00 in die kleinsaal | 1Kon. 21:1-15 | Ds. Potgieter (8)

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel | Ds. Dietmann

Aanddiens om 18:00 in die kerk | Uitstuurdiens | Ds. Schoombie

## VAKANSIEPROGRAM

'n Vakansieprogram word vanaf 3 tot 6 Julie vanaf 09:00 tot 12:00 in die saalkompleks vir laerskoolkinders aangebied. Die jongspan gaan op 'n avontuur in die Wilde Weste. Koste beloop R240 per kind vir al vier dae of R70 per dag indien kinders nie die hele program bywoon nie, Bespreek jou plek aanlyn so gou as moontlik via www.stellenberg.co.za https://www.stellenberg.co.za/vakansieprogram-3tot-6-julie-2023/

Navrae: Brenda Visser by brenda@stellenberg.co.za

## KAROOKAFEE | SONDAG 11 JUNIE

Ondersteun asb. vanoggend na die oggenddiens, Annibrand Junior se Karookafee in die markplein. Die fondsinsameling is ten bate van die Karoopikkies-projek, om warm pajamas vir Karookinders aan te koop.

## KAROOPIKKIE-PROJEK

Diegene wat naamkaartjies geneem het om vir Karoopikkies warm pajamas te koop, moet asseblief die pakkies so spoedig moontlik by die kerkkantoor besorg of in die voorportaal van die kerk laat.

## UITSTUURDIENS VIR UITREIKE

Skakel gerus by Sondag 11 Junie se uitstuurdiens om 18:00 in die kerk in. Tydens die erediens word uitreikspanne seën toegebid vir die komende uitreike. Indien jy die erediens bywoon, kan jy 'n pakkie beskuit of koekies saambring wat ons saam met die uitreikspanne sal stuur. Koekies en beskuit kan ook by die oggenddienste ingehandig word.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### MICHANGE-KOEPONNE

Maak 'n verskil in iemand se lewe deur 'n Michange-koepon @ R50 by die kerkkantoor te koop en aan 'n hawelose persoon te skenk. Met dié koepon kan die ontvanger 'n ete, 'n warm stort, slaapplek en be-rading ontvang.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFER

Teologiese Kweekskool

(Sinodaal)

## KAROOKAFEE VANDAG NA OGGENDDIENSTE

- Koekedoor: Met 'n groot verskeidenheid koeke.

- Die Lekkertrekker: Spookasem, lekkers, springmielies en 'n bederfpakkie vir Vadersdag.

- Boeries en broodjies: Hoender-en-mayonasaisse-broodjies, boereworsrolle, braaibroodjies met kaas, asook met tamatie, kaas en uie.

- Versier 'n kolwyntjie en maak lekkergoed-sushi.

Fondse word gebruik om warm pajamas vir Karoopikkies aan te koop.

## MANNEKAMP | 21 TOT 23 JULIE

Jy word hartlik uitgenooi na ons mannekamp aangebied by die Andrew Murray Spiritualiteitsentrum in Wellington. Kontak asseblief vir ds. Johan Visser by johan@stellenberg.co.za of 072 603 3205 indien jy wil saamgaan.

## VERKIES TOT DIE KERKRAAD

Tydens die kerkraadsvergadering van 7 Junie is JG de Villiers en Mia van der Merwe as ouderlinge verkies. Doen asseblief voorbidding vir die twee kandidate rakende die aanvaarding van die amp.

## FEESMARK: VAKATURE

Die feesmark het 'n vakature vir 'n administratiewe beampte met 'n baie sterk finansiële agtergrond. Sterk rekenaarvaardighede asook die vermoë om met kliënte te werk, is noodsaaklik. Werksure is vanaf 09:00 tot 21:00 vir die duur van die mark. Stuur 'n kort CV na feesmark@stellenberg.co.za. Navrae: Karen Visagie 082 827 9389.

## VATVYF

Op Woensdag 14 Junie besoek ons die Spice Route-wynplaas vir 'n sjokolade-proesessie. Die uitstappie is reeeds vol bespreek. Trek warm aan. Ons vertrek om 09:00 vanaf die kerkkantoor.

19 Julie - Besoek die argief van die Teologiese Fakulteit, Stellenbosch.

### KATEGESE

**ANNIBRAND JUNIOR**

Graad 1-3: Grootsaal

Graad 4-6: Kleinsaal

Graad 7: Jeuglokaal

**ANNIBRAND SENIOR**

Kleingroepe na afloop van die aanddiens om 18:00.

### BREIGROEP

Ons ontmoet weer op 3 Julie om 09:30 in die markplein.

### KOS-EN-KLEREPROJEK

Daar is 'n dringende behoefte aan komberse en wintersklere asook bydraes van niebederfbare kos vir die kosprojek. Gee bydraes asb. by die kerkkantoor af, of plaas dit in die mandjies in die voorportaal van die kerk. Finansiële bydraes: ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Verwysing KOSPROJEK.

## UITREIKE 2023

Ondersteuning aan uitreike:

- **Leeu-Gamka en Beaufort-Wes:** 24 tot 29 Junie en **Calitzdorp:** 1 tot 6 Julie.
- **Voorbidding:** Doen asb. voorbidding vir ons uitreikspanne sodat uitreikers veilig sal ry en gesond sal bly sodat hulle gemeenskappe met oorgawe kan dien.
- **Borg 'n uitreiker:** Indien jy bereid is om 'n spanlid se onkoste van R1 200 vir vervoer en verblyf te borg, kontak asb. vir ds. Schoombie by schoombie@stellenberg.co.za, of EFT die bedrag na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik "Uitreikborg" as verwysing. Daar is 'n paar jongmense wat nie die uitreike kan bekostig nie.
- **Die Calitzdorp-span benodig die volgende:** Haarknippers om kinders se hare te sny as deel van die terug-skool-toe-projek asook sokkerballe en toks.
- **Bybels en bordspeletjies vir Beaufort-Wes:** Die uitreikspan wat Beaufort-Wes besoek, benodig bruikbare Bybels wat aan mense in die gemeenskap uitgedeel sal word. Bordspeletjies en legkaarte word vir die inwoners in die Beaufort-Wes-ouetehuis ingesamel. Gee bydraes asb. by die kerkkantoor af.
- **Droësopmengsel:** Bydraes van enige gedroogde sopmengsel kan by die kerkkantoor of in die voorportaal van die kerk afgegee word.

## DIE BREIGROEP IS STAATMAKERS

Ons is dankbaar teenoor die lede van ons breigroep wat sedert 2022 onverpoos vir die komende uitreike gebrei het. Die breiers skenk die volgende items wat tydens uitreike aan minderbevoorregte kinders en bejaardes uitgedeel sal word: musse 807; serpe 819; truie 42; babamussies 63; handskoene 14 paar; komberse 31; slaapsokkies 12 paar. Die groep brei alweer vir 2024 se uitreike en het steeds 'n groot tekort aan wol. Skenkings sal baie waardeer word en kan by die kerkkantoor afgegee word.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel, tydens die skoolkwartaal. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied terapie, berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste is beskikbaar. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00), of stuur 'n e-pos na therapy@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

**Op jou rekenaar:**

Jy kan die bulletin en *Stellenberger* per e-pos ontvang. Stuur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za.

**Op jou selfoon:**

Skandeer enige van die QR-kodes om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit en toegang tot gerieflike elektroniese kommunikasie te ontvang. Jy kan die bulletin, geestelike dagstukke en algemene nuus op jou selfoon ontvang.

**Gemeente se WhatsApp-groepe**

**Jong volwassenes en studente**

**Annibrand Junior**

**Annibrand Senior**

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 15 Junie om 15:00 in sitkamer uit Psalm 116: Ek het die Here lief, want Hy verhoor my smeekgebede.

### WOL VIR DIE BREIGROEP

Die breigroep benodig kontantbydraes vir die aankoop van wol of bruikbare afvalwol. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.